

Skriflesing: Matt 7:1-6

Tema: Moenie vinger wys nie!

Ons leef in 'n tyd waarin mense dikwels wil hê dat niemand standpunt moet inneem nie. Elkeen moet kan doen, dink en sê soos hy of sy wil en niemand mag daar iets oor sê nie. So vind ons dan dat die kerk wat sy stem teen sonde en dwaalleer laat hoor as konserwatief afgemaak word. Die Christen wat 'n beginsel-standpunt inneem, is outyds. En wie is hy of sy in elk geval om my op die regte pad te probeer help?

Mag ons dan glad nie praat oor die verkeerd wat mense doen nie. Mag mense nie met my praat oor die foute wat ek maak nie? Almal van ons kan mos nie maar net maak soos ons wil nie.

Elke gelowige het van Christus die roeping ontvang om te sorg dat sy broer of suster op die regte pad bly. Ons lees in Matteus 18:15: "As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is" En as die persoon nie luister nie, lees ons in Matteus 18 nog 'n paar stappe wat hierop volg.

Maar daar is 'n reuse verskil tussen hierdie liefdevolle teregwysing en liefdelose oordeel.

Die Here verbied ons nie in Matteus 7:1-6 om in liefde tereg te wys nie.

Hy verbied ons om uit die hoogte, met 'n "ek is beter as ander" gesindheid op ander mense neer te kyk. Hy verbied ons om gedurig negatief en afbrekend te wees en altyd fout te vind met ander, dikwels net omdat hulle anders dink of is as ek.

Die Here verdoem alle liefdelose kritiek en elke negatiewe gesindheid teenoor ander, dit sluit hulle in wat nog vasgevang is in kettings van sonde. Jesus was nooit afbrekend of hy het nie mense uit die hoogte aangespreek nie. Hy het hulle wel hard aangespreek, maar dan was dit om mense in liefde nader aan die waarheid te trek.

Ons liefdelose oordeel gaan dikwels om ons eie vooroordele en verstaan. En die wêreld draai nie om ons nie. Die ergste van hierdie soort liefdelose oordeel is dat dit die reg opeis wat net aan God behoort.

Daarom dra Jesus se woorde in Matteus 7 'n baie ernstige waarskuwing vir ons.

"Moenie oordeel nie, sodat julle nie deur God geoordeel word nie." Dit is die eerste rede waarom ons nie mag oordeel nie.

Die tweede rede vind ons in Matteus 7:2. Die mens wat liefdeloos en uit die hoogte oordeel, wat gedurig onnodig fout vind, bepaal self die standaard waarmee hy of sy geoordeel sal word. God sal dieselfde maatstaf aanlê vir oordeel oor my gebreke as dié wat ek gebruik vir ander se dwalinge.

Die derde rede waarom ons nie mag oordeel nie, word deur die Here in een van sy kortste gelykenisse gegee: die gelykenis van die oogspesialis met 'n oogprobleem. (Matteus 7:3-5). Hierdie persoon wil 'n delikate oog-operasie op iemand anders uitvoer. Daar is 'n splinter in sy pasiënt se oog. Maar hy het 'n balk in sy eie oog! Hy kan daardie operasie nooit suksesvol uitvoer nie. Geen pasiënt sal hom eers kans gee om te probeer nie!

Elkeen van ons wat so gou is om ander se foute uit die hoogte te veroordeel, het in sy eie oog 'n balk. Die geykte uitdrukking: "Wie met sy een vinger na 'n ander wys, wys met drie vingers terug na homself", is dan van ons waar.

Die balk in ons oog is 'n blindheid vir ons eie foute en liefdeloosheid.

Jesus noem die mens wat liefdeloos oordeel, 'n huigelaar. Hy het die Skrigeleerdes en Fariseërs verskeie kere ontmasker as huigelaars.

Hul maak asof hul saak reg is en kyk van bo af op ander neer, selfs in hulle gebede. In die gelykenis van die Fariseer en die Tollenaar in Lukas 18:11-12 klink die gebed van die Fariseer so: "O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste."

Die Here kan sulke valse en skynheilige godsdienst nie verdra nie. Hy gee vir hierdie selfaangestelde oogspesialiste praktiese raad. Die balk in jou eie oog moet eers uit!

Dit beteken dat ek en jy eers ons eie sonde moet ken en bely. En dan moet ons toelaat dat die Here, deur die Heilige Gees, ons harte met sy liefde te vul.

Eers daarna raak die splinter in my broer of suster se oog my verantwoordelikheid soos wat ons lees in Galasiërs 6:1: "Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp."

Daar is min dinge wat soveel ondraaglike pyn en leed kan veroorsaak as 'n splinter in die oog. So 'n persoon het hulp nodig, hulp wat net iemand met 'n hart vol liefde kan gee. Iemand wat toegelaat het dat God die balk uit sy eie oog wegneem, sal die beste kan help om die ander persoon se splinter uit te haal.

Iemand met hart vol liefde oordeel nie. Jy help. Jy bid. Jy wys in liefde tereg. Jy gaan praat in privaatheid met jou broer of suster oor wat hulle verkeerd doen.

Ons as kinders van die Here is besitters van heilige goed en pêrels van ewige waarde, dit is die goeie nuus van die verlossing deur Jesus Christus. En ons bring die goeie nuus aan almal, maar ons bring dit nie vir honde en varke nie.

Honde en varke is mense wat die goeie nuus van Jesus Christus gehoor het en hulle doelbewus teen God verset. Hulle verkies om in sonde te volhard. Honde kan heilige dinge nie waardeer nie. Varke kan kosbare pêrels nie geniet nie.

Ons mag nooit ophou om in liefde tereg te wys nie. Ons moet die goeie nuus aan ongelowiges bly bring. Maar ons moet dit met insig en onderskeiding doen. Ons mag die goeie nuus nie goedkoop maak, afwater of aanpas om almal te pas nie. En ons moet nie kosbare tyd mors met hulle wat nie belangstel nie.

Amen